Goeie Nuus
Good News

NOU REEDS 28 JAAR OUD!

GRATIS
September 2026

AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION



Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Sel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper


# How Rocker Xander Stok Found God and Overcame His Depression

**By Gert-Jan Schaap. © Photos Jaqcueline de Haas**

*Not in a million years could rock singer and guitarist Xander Stok have imagined he'd one day be setting Bible verses to music. Faith? Long since tossed out with the trash. His only passion was music. But not even success or addiction could stop the crushing weight of depression - until one overwhelming experience changed everything.*

One winter night, Xander stands on a desolate quay near the South Holland town of Bergambacht. Beneath him lies the icy water in which he plans to drown himself - just 17 years old. No one knows about the depression that's haunted him since childhood. Not even his parents or best friends.

Moments before he's about to jump to certain death, he screams in fury at God: "If You really exist, this is the moment to show it!"
Silence. Deafening silence.

### WRONG PLANET

"I've always felt like I was dropped on the wrong planet, a place that never became my home," Xander says on a sunny May day in his music studio above a remote farmhouse in Dinteloord, North Brabant.

"Wanting to end my life wasn't some emotional outburst - it was the end of a long process. Depression was a black hole I couldn't escape. Sometimes it lasted up to three years. I didn't know what I was living for. I felt dead inside. What was living, even? I had no idea. I thought: if I check out, it'll all be over. Finally, peace."

### WHY DID YOU CALL OUT TO GOD IN THAT MOMENT?

"I was raised religiously, in a strict church. Mostly, I inherited the fear of God. Around age 12 or 13, I distanced myself from that version of faith - religion without relationship. God seemed fickle to me: loving one moment, furious the next. Unpredictable."

### WHAT STOPPED YOU FROM JUMPING?

"After challenging God to show Himself, there was nothing - at first. No angel choirs or anything," he laughs. "But at the very last second, I heard a kind of whisper in my head: 'If you already feel dead inside, you might as well do what you've always wanted. What is it you've always wanted to do?' And in that moment, I knew: to make music. That felt like freedom."

**Who is Xander Stok?**

**Xander grew up in a strict Reformed Christian home but abandoned his faith as a teenager. He was the guitarist and lead singer of the Dutch rock band The New Shining and also made solo music as "Nax." Over five years ago, after years of depression and addiction, he returned to his faith. Now in his forties, married to Janis, he devotes himself full-time to his Project of Love: releasing a new English-language Bible song every Friday on YouTube and Spotify.**

### WERE YOU MAKING MUSIC YET?

"I listened to a lot of hard rock and heavy metal. I could barely play a few campfire chords. No clue if I had talent. But I set a hard deadline: if nothing comes of this in a year, I'll go back to that quay and jump."

### HARDEST SOLO

He set the bar high: "The solo from November Rain by Guns N' Roses - that was my goal. The most beautiful and most difficult. I wanted to master it within a year." He took a few lessons but mostly taught himself through relentless practice. Songwriting also came naturally.

"Music became my breath - my only source of meaning. Before long, I had a band, *The New Shining.* I started as a guitarist, but when yet another singer left, I took over vocals too. My parents, especially my dad, really struggled with me quitting school for this. They had no idea of the story behind it."

### TWELVE SLEEPING PILLS

Between 2009 and 2011, *The New Shining* opened for *Golden Earring* and had a hit with *Can't Make Up My Mind.* They once played for 50 000 people at Bospop. Yet behind the scenes, Xander battled severe depression. "I drugged myself just to stay afloat. Every night, I took twelve sleeping pills to get four hours of sleep. Then more pills during the day to stay calm. I smoked heavily, drank a lot, was addicted to sex and porn. I avoided drugs, but inside, it was still dark and lonely."



### DEEPER THAN EVER

In 2018, he fell into what he calls "the mother of all depressions." "It hit out of nowhere, no trigger. But this one dragged me down deeper than ever. Terrifying. The only thing that kept me from losing it completely was music - it was as if the devil was chasing me. It was my only outlet." Due to suicide risk, family and friends kept a close eye on him. "Even the doctor said I was a danger to myself. That's when I randomly went on YouTube - something I never did."

### WHY THEN?

"I think I was looking for a music documentary. I stumbled upon a video of a blind priest - Robert Spitzer - who studied 30 000 near-death experiences over 30 years. That video wouldn't leave me alone. His research convinced me that there is something after death, and that we have a soul. I thought:

*Continued on p. 5*

# Die HEILIGE offer aan God

God roep ons in Rom. 12:1-2 om 'n heilige offer van liggaam, siel en gees aan Hom te bring: ***"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens."*** En daarmee saam: ***"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."***

God vra van elke kind van Hom om 'n heilige offer te bring. Hy vra jou daaglikse toewyding en oorgawe. Hy vra jou alles, soos Jesus Sy alles vir elkeen van ons gegee het. Hy het vir ons verlossing bewerkstellig. ***"Hy kan volkome red die wat deur Hom tot God gaan."*** Hy vra jou offer en dan help Hy jou deur die krag van die Heilige Gees om dit te volbring.

God gee vir jou 'n sagte kussing, 'n sagte juk om te dra, selfs al voel dit jy gaan ten gronde in jou diepe beproewing. God is aan jou kant om jou uit te red en jou te help. En niks en niemand sal jou skei van Sy liefde nie. Niemand en niks sal 'n beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God nie, want God is dit wat saam met jou in jou grootste pyn en lyding kom loop in Jesus Christus, wat ook jou skuldlas, jou pyn, op die kruis gedra het.

God vra 'n heilige offer. Maar hoe lyk heiligmaking in ons daaglikse lewe?

## 1. WAT IS HEILIGMAKING?

Die begrip "heiligmaking" kom in die Skrif voor en beslaan drie aspekte. By wedergeboorte ontvang elke gelowige in Jesus Christus *posisionele heiligmaking* waar die Here ons vergewe van al ons sondes, ons reinig en ons vind dat ons name in die Boek van die Lewe opgeskryf is, soos Jesus vir Sy dissipels (en vir ons ook) gesê het: ***"Wees bly julle name is in die hemel opge-kryf."*** Ons is nog nie volmaak nie, maar God werk met ons offer (2 Kor. 5:21). Hier vind ons die eerste tree aan die voet van die die berg van heiligmaking. Het jý al jou offer aan Hom gebring? Selfs al is jy in 'n diepe beproewing?

Hierna volg *eksperimentele heiligmaking* of *progressiewe heiligmaking* of *praktiese heiligmaking.* Terwyl alle gelowiges posisioneel geheilig is (God beskou ons as rein op grond van die gestorte bloed van Jesus), het hierdie heerlike toestand geen betrekking op die praktiese of eksperimentele heiligmaking nie. Hier het ons te doen met die toestand of gehalte van ons daaglikse lewe. Eksperimentele heiligmaking volg op wedergeboorte. Dit is 'n geleidelike ondervinding soos wat die gelowige in die lig en in die Gees wandel (1 Joh. 1:7; Rom. 12:1).

Wanneer alles voltooi is, kom Jesus ons haal en Hy voltooi ons ewige heerlikheid by Sy wederkoms. En dan kom ons by die *uiteindelike heiligmaking.* Dit staan in verband met die Christen se finale volmaaktheid in heerlikheid. Dit sal gebeur by geleentheid van die Kerk se voorstelling as "foutloos" voor Hom in die Teenwoordigheid van Sy heerlikheid, vry van alle vlek en rimpel (1 Thess. 5:23; Efes. 5:27; Kol. 1:22; Judas v. 24).

## 2. HEILIGMAKING IN BEPROEWING

*Eksperimentele heiligmaking* gaan baie keer gepaard met beproewing. Ons verwonder ons oor die vuurproef wat ons moet deurmaak, maar die vrug hiervan is so kosbaar. Dit is hier waar ons God van naby leer ken en meer soos Hy word. God is met ons in ons vuurproef om ons te heilig, nadat Hy ons offer van oorgawe aanvaar het.

Waar vind ons Hom? In die vuuroond van ons beproewing. Hoe groter die beproewng, hoe dieper word ons gebebedslewe en toewyding aan Hom. Werp dus jou hele las op Hom! Soek Hom op jou knieë. Klop by Hom aan. Bid. Selfs deur gebed en vas. Aanhoudend, sonder ophou: Hou aan met soek, hou aan met klop, hou aan met bid.

Corrie Ten Boom het gesê: "No pit is so deep that His love is not deeper stil." Paulus het geskryf, ***"Waar die sonde meer geword het, daar het Sy genade meer oorvloedig geword."*** Hy veroordeel jou nie, Hy verwyt jou nie, Hy help jou, maar Hy staan soos die vader van die verlore seun met oop arms, en Hy roep jou in Sy arms in! Vertrou die Vader om Sy doel te bereik, al gaan dit met pyn en lyding gepaard.

Jesus klim af en staan langs ons in ons modderput en tel ons op. Hy loop op ons lewenstorm se golwe, op die water, om ons te red en op te tel, sodat ons ook aan Sy Hand op die water kan loop in oorwinning! Hy red ons uit die vuuroond en herstel ons. Selfs die reuk van die vuur is nie eers aan ons klere ruikbaar nie. Hy stuur Sy engel om ons uit die tronk te bevry en te preek op die stadsplein en vir ons vyande te sê: "Jesus wil jou ook red!" Hy gebruik 'n aardskudding om die tronk te skud sodat die boeie van ons hande en voete afval, en om vir ons vyande wat in skok oor hierdie gebeure is, te sê: "Jesus het vir jou ook gesterf!" Jy vra dalk, "Vir my ook?" Ja! Vir jou ook, terwyl jy vasgeketting is in hand- en voetboeie, en die vuurgloed hoog brand!

Daar is talle voorbeelde van hoe God skoonheid na vore bring te midde van 'n hewige vuuroond van beproewing. Dit was die jaar 1920. Die digter en Godsman, Totius, se 12-jarige dogter, Wilhelmina, is op Oujaarsaand deur 'n weerligstraal doodgeslaan toe sy 'n kombers voor 'n venster wou hang. Die weerlig tref sy dogtertjie wat dood in sy arms val! Watter pyn! Watter smart! Watter lyding! Dit is heilige grond. En hy skryf die gedig: "O! Die pyngedagte! My kind is dood!" Sy digbundel, *Passieblomme*, is uit intense persoonlike hartseer en rou gebore nadat twee van sy jong kinders in 1920 kort ná mekaar gesterf het. Sy seuntjie is aan breinvliesontsteking dood, en skaars twee maande later is sy oudste dogtertjie, Wilhelmina, deur die weerlig doodgeslaan.

Beleef jy soortgelyke beproewing ook nou? Te groot om in woorde en in emosie vas te vang, maar jy voel jy kan net huil en huil sonder ophou? En soos Dawid uitroep oor sy seun se dood: ***"Absalom, my seun! My seun, Absalom, my seun!"*** Dít terwyl Absalom teen hom opgestaan het en hom wou ontroon! O, die diep liefde van 'n vader!

Die pyn, smart en vuuroond tref alle mense wat ná Adam onder die sondeval gebore is. Die hele wêreld lê aan skerwe en almal is gebroke. Een Gereformeerde teoloog, Louis Berkhof, het gesê: "The creation was marred by sin." Luister wat Dawid onder diep beproewing geskryf het: ***"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"*** (Ps. 51:19). Dit het hy gesê met die dood van sy ander seun, 'n buite-egtelike kind, terwyl hy self met skuld belaai was. Lees gerus die hele Psalm 51. Ek kan dit nie verwoord nie, want dit spreek van iemand wat vasgegryp het aan God se vergifnis en oneindige liefde.

Een teoloog skryf van God op die kruis. Wat maak Hy daar? Hy betaal ons skuld en ons smarte met Sy bloed! 'n Ander teoloog het 'n boek "The Crucified God" geskryf waarin hy fokus op die kruis. Jesus het selfs Sy vyande liefgehad en vir hulle die ewige saligheid aangebied deur Sy bloed. Op die kruis het Hy vir die rower wat vir Hom sê: ***"Dink aan my, Here, wanneer U in U Koninkryk kom"*** gesê: ***"Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."*** Daarna het Hy op die kruis uitgeroep: Tetelestai! ***"Dit is volbring!"*** En Hy het Sy Gees in die Hande van die Vader oorgegee en gesterf. Sy laaste woorde ná Sy opstanding maar voor die hemel-vaart aan die dissipels en alle gelowiges, was die volgende: ***"En kyk, Ek is met julle, al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld."*** Dít is God se liefdesoffer! En nou vra Hy vir elke gelowige, ook vir jou, 'n liefdesoffer. 'n Heilige offer, terwyl ons in verdrukking en beproewing en vuuroond verkeer.

Kyk wat 'n kosbare aanmoediging vloei uit die volgende lied, *Broken Pieces, deur* Ruby Kitchen en James Martin, Jr.

Have you failed in life's battle
To accomplish your plans?
Is your heart heavy laden?
Do you fear the Lord's command?
Do you feel that no one loves you
And there's no use to try?
Just bring your cares to Jesus
Your soul He'll satisfy.

Pick up the broken pieces
And bring them to the Lord;
Pick up the broken pieces
Trust in His holy Word;
He will put them back together
And make your life complete.
Just place the broken pieces
At the Saviour's feet!

## 3. HEILIGMAKING EN HERSTEL / VERNUWING

Na afloop van die kruis, opstanding en verheerliking van Jesus, stuur Hy die Heilige Gees om Sy kinders te versorg en nuut te maak. Hy begin by wedergeboorte, soos beskryf in 2 Kor. 5:17, ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan, kyk, alles het nuut geword."*** Hierdie nuwe skepsel word beskryf deur die Griekse woord kainos, wat beteken om gerestoureer te word, soos die Nuwe Verbond. Dit beteken ons behou nog ons persoonlike karakter, temperament, en vermoëns, maar ons word daagliks vernuwe en bekragtig. Want as ons wel in die proses van heiligmaking gesondig het (soos Dawid wat dit voortdurend bely en laat staan het, teenoor Saul wat dit nie bely en laat staan het nie), skep Hy voortdurend 'n nuwe gees in ons. Ons vergifnis is dus nie 'n eenmalige handeling nie, maar 'n dag-vir-dag opneem van ons kruis en Hom te volg. Want ons groei nog in ons heilige offer

*Vervolg op p. 3*

# Die HEILIGE offer aan God

*Vervolg van p. 2*

wat ons vir Hom aangebied het. Want heiligmaking is 'n proses waar Hy reeds die voltooiing voorsien het, en ons groei steeds daarin, in ons heilige offer aan God (Lees Rom. 8:26-30). God bestaan buite die dimensie van tyd omdat Hy groter as tyd is en omdat Hy tyd geskep het. Vir Hom is ons uiteindelike heiligmaking in die verledetyd gekryf. Die voorsiening is finaal afgehandel. Tetelestai! Maar ons gebroke mense moet elkeen individueel steeds daarin groei tot volmaaktheid, *"om te groei tot gelykvormigheid aan die Beeld van Sy Seun."*

Jesus sê: *"Kyk. Ek maak alles nuut!"* En jy vra: Ook my smart, pyn en lyding? En Hy antwoord: Ja! Dit begin daarby om weer 'n keer gebore te word. Die eerste keer is dit 'n menslike geboorte, die tweede keer word ons gebore uit die Gees. Luister wat sê Hy vir Nikodémus, 'n Joodse raadslid wat in die nag met Hom kom praat het: *"Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*
*Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie"* (Joh. 3:3-7).

Ek is self nie gevrywaar van beproewing nie. Niemand is nie. Dit is universeel. Maar, soos Dawid, gryp ek vas aan die Woord. So het ek self ook regdeur my lewensbestaan en tot vandag toe gereeld wonderbare genesing en uitkoms beleef. Nie omdat ek so 'n wonderlike gelowige is nie, maar júís omdat ek afgedaal het tot nikswees, my heilige offer gebring het en myself verloën het. En telkemale het God my uit my nood gered. Saam met Dawid sal ek bely: *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom"* (Ps. 34:20). Die Psalmis skryf in Ps. 71:20: *"U wat my baie en bange node laat sien het, sal my weer lewend maak en my weer ophaal uit die watervloede van die aarde."* Een kommentator skryf só aangaande hierdie Psalm se tema (lees gerus hierdie hele Psalm): "God is a constant help - from childhood to old age. Our lives are a testimony of what God has done for us."

Ja, die Woord is nie net 'n geskiedenisboek van gebeure in die verlede nie, maar dit is die toepaslike Lewende Woord van die Lewende God vir elkeen van ons, en dit sal standhou tot in ewigheid! Gryp daaraan vas elke dag en pas dit toe in jou lewe!

### SAMEVATTING

Die Here wys my 'n beeld. Ek sien 'n beker van klei waarvan die binnekant skoongemaak word, sodat jy daaruit skoon, heilige water, kan drink. En Jesus sê vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs: *"Maak eers die binnekant van die beker skoon."* 'n Beeld wat hulle kon verstaan, omdat dit heengewys het na hulle rituele tempeldiens. Dít is heiligmaking. Laat ons dan die Here vertrou om, te midde van beproewing, ons te transformeer, sodat ons meer en meer soos Jesus kan lyk. Laat ons heilig word, want die vrug is meer werd as alle stryd en beproewing wat ons moet deurmaak. Hy is met ons tot aan die voleinding van die eeue!

© Dr JJ Venter

# GO AGA MO MOTHEONG O O TLHOMAMENG

## Building on a Good Foundation

### DITEMANA

"Fa Morena a sa age ntlo, baagi ba itapisetsa lefela" (Pes. 127:1).
"Ka jalo mongwe le mongwe yo o utlwang mafoko ano a me, a bo a a diragatsa, o tshwana le monna yo o botlhale yo o neng a aga ntlo ya gagwe mo lefikeng" (Mat. 7:24).
"Gonne ga go ope yo o ka thayang motheo o sele fa e se o o setseng o theilwe, o e leng Jesu Keresete" (1 Bakorinthe 3:11).

### DIKGOPOLO

Kago nngwe le nngwe e e nonofileng e simolola ka motheo o o tiileng. Motheo o ka nna wa se ka wa bonala fa go sena go wediwa go agiwa, mme ke one o o laolang gore kago yotlhe e tla tlhomama, e nonofile e bile e tla itshoka go le kana kang. Kago e ntle e e nang le motheo o o bokoa e tla feleletsa e na le maphanyego, e sa sireletsega, e bile e ka nna ya phutlhama fa e lebane le maemo a bosa a a maswe thata. Matshelo a rona a tshwana thata. Re aga malapa a rona, ditiro, botsalano, madi, le isagwe letsatsi le letsatsi. Re dira dithulaganyo, re dira ka natla, re amogela maikarabelo e bile re leka go sireletsa dilo tse di botlhokwa mo go rona. Dilo tseno di botlhokwa, mme ga go epe ya tsone e e ka nayang motheo o o sireletsegileng tota. Maatla a motho a lekanyeditswe. Madi a ka nyelela, botsogo bo ka fetoga, batho ba ka re swabisa, le maemo a ka fetoga re sa tlhagisiwa. Pesalema 127:1 e re gakolola gore maiteko a rona ga a felela fa Modimo a tlogetswe kwa ntle: "Fa Jehofa a sa age ntlo, baagi ba dira lefela." Seno ga se reye gore tiro ga e tlhokege kgotsa ga e botlhokwa. Go na le moo, e re ruta gore tiro ya rona e tshwanetse go bewa kafa tlase ga kaelo ya Modimo. Re ka aga ka maatla a magolo le ka botlhale, mme katlego e e nnelang ruri e tla fa Modimo e le Ene yo o kaelang kago.

Jesu o ne a tlhalosa batho ba babedi ba ba neng ba aga matlo. E nngwe e ne e agilwe mo lefikeng, mme e nngwe e ne e agilwe mo motlhabeng. Ka nako e e rileng, matlo ano ka bobedi a ka tswa a ne a lebega a sireletsegile. Pharologanyo e ne ya bonala sentle fa pula e na, merwalela e tlhatloga le diphefo di foka. Ntlo e e neng e agilwe mo lefikeng e ne ya ema e nitame, fa ntlo e e neng e agilwe mo motlhabeng yone e ne ya wa.
Lefika le emetse Jesu Kereste le Lentswe la Gagwe. Go aga mo go Keresete ga go reye gore ga re kitla re lebana le ditsuatsue. Bakeresete ba nna le bolwetse, kgatelelo ya madi, go swaba, go raelwa, go hutsafala le dikgotlhang. Tsholofetso ga se go tlhokafala ga ditsuatsue, mme ke go nna teng ga motheo o o nonofileng go re tshegetsa ka tsone.

Go aga mo go Keresete go kaya se se fetang go reetsa thuto ya Baebele. Jesu o rile motho yo o botlhale o utlwa mafoko a gagwe mme a a diragatsa. Tumelo e nna thata fa e tshelwa mo ditshwetsong tsa letsatsi le letsatsi. Re aga mo go Keresete fa re tlhopha botshepegi boemong jwa tsietso, boitshwarelo boemong jwa go ipusolosetsa, boikanyegi boemong jwa go ineela, le thapelo boemong jwa go tlhobaela. Re aga mo go Keresete fa re mo tshepa ka tiro ya rona, magae a rona, botsalano jwa rona, le isagwe ya rona. Motheo o o tiileng o bewa ka ditlhopho tsa letsatsi le letsatsi. Iphe nako le Modimo. Bala Lentswe. Batla botlhale jwa Gagwe pele ga o tsaya ditshwetso tse di botlhokwa. Boloka segakolodi sa gago se le phepa. Tshwara batho ka seriti. Fa o palelwa, boela kwa go Keresete ka boikwatlhao go na le go iphitlha mo go ene. Fa ditsuatsue di tla, tshwarelela thata mo ditsholofetsong tsa Gagwe.

Potso e e botlhokwa thata ga se gore, "Botshelo jwa me bo kgatlha go le kana kang?" Potso e e botlhokwa thata ke gore, "Botshelo jwa me bo agilwe mo go eng?" Jesu Keresete ke ene fela motheo o o nnang o sireletsegile mo botshelong jono le go feta jone. Sengwe le sengwe se sengwe se ka fetoga, mme O nna a ikanyega.
Gompieno, tlhopha go aga mo Lefikeng. Neela botshelo jwa gago mo go Jesu Keresete, obamele Lefoko la gagwe, mme o mo letle go nna Moagi wa boammaaruri wa legae la gago, tiro ya gago le isagwe ya gago.

### THAPELO

Rara yo o kwa Legodimong, re a go leboga go bo o re gakolotse gore matshelo a rona a tlhoka motheo o o tiileng. Re itshwarele ka dinako tse re ntseng re ikaegile fela ka maatla a rona, botlhale, dithoto, kgotsa diphitlhelelo tsa rona. Re thuse go aga karolo nngwe le nngwe ya matshelo a rona mo go Jesu Keresete le go dirisa Lefoko la gagwe letsatsi le letsatsi. Re fe botlhale mo tirong ya rona, bopelotelele mo botsalanong jwa rona, botshepegi mo ditshwetsong tsa rona, le bopelokgale fa go tlhaga mathata. Fa ditsuatsue di tla, nonotsha tumelo ya rona mme o re thuse go gakologelwa gore Keresete ke Lefika la rona le motheo wa rona o o tlhomameng. A magae a rona, ditiro tsa rona, le matshelo a rona a letsatsi le letsatsi di ka tlisa tlotlo mo go Wena. Ka leina la ga Jesu.
AMEN.



*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

# Verwyder die Sluier van jou Hart!

Sagte wit. 'n Elegante, grasieuse figuur kom met die paadjie afgestap. Sy sweef byna. Dan kom haar vader en verwyder die skone kantmateriaal van haar gesig. Die stralende bruidegom staan nader en neem liefderik haar hand. Wat 'n sprokiesagtige beeld wat hom gereeld afspeel! Die droom van jong dogtertjies en van jongmanne. Die skoonheid van rein, jong liefde. Die opwinding van 'n nuwe begin. Die erns van 'n saambindende verbond. Maar wat is die simboliek van 'n sluier, spesifiek dié van 'n bruid? En dat dit later gelig of verwyder word?

Die gebruik van sluiers dateer terug na Romeinse en Griekse tye waar vlamrooi sluiers bose geeste moes afweer. In Christendom simboliseer dit nederigheid, onderworpenheid, gehoorsaamheid, respek en reinheid. 'n Tikkie misterie (sodat die bruidegom nie dadelik die bruid se gesig sien nie). Verwydering van die sluier impliseer intimiteit, openheid, weerloosheid. In 'n Joodse konteks dink ons terug aan die verhaal van Laban wat Jakob verkul het en Lea in plaas van Ragel aan hom gegee het. Met die vroegtydige verwydering van die sluier kan die bruidegom doodseker wees dat hy met die regte vrou trou! Ander sien 'n kosbare bedekking van sorg vanaf die man vir sy bruid en later vir sy gesin. Nog ander plaas die klem op innerlike skoonheid bo uiterlike skoonheid (omdat die eksterne voorkoms deur die sluier bedek word). Die verwydering van die sluier dui weer eens op intimiteit tussen 'n man en vrou. 'n Spesiale verbintenis en unieke verhouding.

Paulus beskryf die bedekking of sluier wat Moses gedra het, en later die versluierde denke van die Jode, asook die ontsluiering van gelowiges: *"Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense; omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart… God wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid. Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid. Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid. Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid"* (2 Kor. 3:2-3, 6-17 OV).

### 1. DIE HEERLIKHEID VAN DIE WET

Laat ons eerstens stilstaan by die heerlikheid van die wet. Dit is dalk 'n verrassende gedagte, omdat ons soms gewoond is om neer te sien op 'n wettiese gesindheid. Aan die een kant hou ons nie van reëls nie; ons het 'n rebelse gees - maar óns noem dit 'n vrye gees, 'n sterk persoonlikheid, of 'n unieke perspektief. Die Bybel noem dit sonde wanneer ons ons vuis bal teen die hemel en ons eie weg verkies. Aan die ander kant kan 'n stel reëls (of 'n mensgemaakte interpretasie daarvan) lei tot verwerping van diegene wat hulle nie stiptelik en presies daarby hou nie, en dit lei tot veroordeling, geestelike hoogmoed, en 'n valse sin van geregtigheid. Paulus skryf egter dat daar 'n bepaalde heerlikheid (Hebreeus: kabowd, Grieks: doksa, Engels: glory, honour, splendour, wealth, radiance, reputation, weight of intrinsic worth, divine majesty, manifest presence of God) aan die wet gekoppel is.

Exodus 24:12,15-18 lees as volg, *"Toe sê die Here vir Moses: Klim op die berg na My toe en vertoef daar, dat Ek jou die kliptafels kan gee en die wet en gebooie wat Ek geskryf het om hulle te onderrig. Toe Moses die berg opklim, het 'n wolk die berg oordek. En die heerlikheid van die Here het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk. En die verskyning van die Here se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg. En Moses het binne-in die wolk ingegaan en die berg opgeklim. En Moses was op die berg veertig dae en veertig nagte."*

Op die berg Sinai sien ons letterlik die wolk en vuur van God se heerlike Teenwoordigheid. Ons lees in Ex. 31:18, *"En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van God."*

Die woorde van God is heilig en ons moet dit na waarde ag. Wanneer Hy met ons praat, verwag Hy gehoorsaamheid. Maar Paulus skryf elders dat die wet die tugmeester na Christus toe is. Verder beskryf hy in Romeine 7 hoedat hy (en elke mens) graag die goeie wet wil hou, maar ons kan nie. Ons vleeslike begeertes kniehalter ons en ons is moreel nie in staat om by God se standaard te kom nie.

### 2. DIE GROTER HEERLIKHEID VAN DIE NUWE VERBOND

Paulus bou voort op sy gedagtegang dat die Korinthiërs 'n lewende brief en getuienis is. Sy gedagte word dan gerig op die nuwe verbond, die nuwe, lewende brief. Hy gaan voort om die nuwe bedeling en nuwe verbond te beskryf en te kontrasteer met die oue. Kom ons let op enkele verskille:

■ **Ou vs nuwe bedeling / verbond:** Paulus skryf dat God hulle *"bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament"*. Die wet en die profete is tot op Christus. Daarna lei Hy 'n nuwe bedeling in en verseël die nuwe verbond met Sy Eie bloed. 'n Testament met God se voorwaardes, maar ook ons erfporsie. Die wonderlike geestelike gawes wat God aan ons bemaak op grond van Sy liefde en genade. Nuwe lewe in Christus. 'n Nuwe fase van die mensdom se verhoudingsmoontlikhede met God. Die volle openbaring van die Vaderhart. God wil dat ons gered word en in verhouding met Hom staan. Nou stel Hy ons in staat om in Sy krag op 'n hoër morele vlak te lewe. Die oue het heengewys na die nuwe.

■ **Kliptafels vs tafels van die hart:** In antwoord op die teëstanders van Paulus, skryf hy, *"Julle is ons brief, geskrywe in ons harte, geken en gelees deur alle mense; omdat julle duidelik 'n brief van Christus is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God; nie op kliptafels nie, maar op die vleestafels van die hart."* Hy het nie nodig dat iemand 'n verwysingsbrief skryf wat sy apostelskap en bekwaamheid



bevestig nie. Die veranderde lewens van die Korinthiërs is genoegsame bevestiging. En hoe het hulle lewe verander? Deur die krag van die Heilige Gees. Hy het op die tafels van hul hart die wet van God geskryf, en nou leef hulle daarvolgens. Hulle gewete is gesuiwer en sensitief gemaak. So wandel ons ook deur die Gees en volbring nie meer die werke van die vlees nie.

■ **Wet (letter) vs Gees:** *"wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend."* Meer as eksterne reëls, het die Heilige Gees nou die wet van Christus op ons harte gegraveer.

■ **Dood vs lewe:** Die wet is goed, maar sonde het die wet kragteloos gemaak. Ons swak natuur kon nie by God se standaarde uitkom nie. Die sonde het dus gelei tot geestelike dood (skeiding). Paulus belig hierdie paradoks in vers 7, *"En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie?"* Die nuwe bedeling lei tot waarlike geestelike lewe.

■ **Veroordeling vs regverdigmaking:** *"Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid."* Die wet was ons vyandig met al sy insettinge. Maar Jesus het die prys betaal en die klagstaat op die kruis vasgespyker. Nou is ons regverdig in Hom.

■ **Heerlikheid vs oortreffende heerlikheid:** *"Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlikheid."* Die wet was reeds in heerlikheid, omdat dit God se wense en woorde

*Vervolg op p. 7*

# How Rocker Xander Stok Found God and Overcame His Depression

*Continued from p. 1*

maybe death won't set me free - it could be worse."

### SUICIDE NO LONGER SEEMED LIKE A WAY OUT?

"Exactly. At my lowest point, I lay in bed. I was done. Broken. Exhausted. Music was my greatest addiction"

### A BLACK BALL

Xander sighs. "I screamed at God again: 'If this is life, You can keep it!' It was like I kicked a black ball of pain toward Him: 'Take it. I can't handle it!'" He pauses. "And then… something indescribably beautiful happened. Peace washed over me like a warm shower. Just like Philippians 4 says: *'a peace that surpasses all understanding.'* For the first time ever, I felt - deep in my soul - it is good. I felt loved. I had written so many songs about longing for 'home,' and now, I finally felt… home. And I knew: God is real. That peace didn't come from me. No way. I realised: this is the first day of my life. I had never lived before - just survived. And I knew instantly: the depression has lost. I've been set free."

### THE WHISPER

As a kid, the Bible never interested him. "So I prayed: 'Let me read the Bible like a boys' adventure book.' And it happened!" He started each day with quiet time, growing in love for Jesus. "And I realised - that whisper I heard on the quay at 17? That was the Holy Spirit. From then on, I wanted to follow Him."

### AN IDOL

One by one, with God's help, Xander overcame his addictions. "If I'd tried on my own? No chance." But one addiction remained. "The Spirit showed me: music was my biggest idol. That shocked me - I had never seen it that way. Music was everything. My reason for being, my purpose, my lifeline. But I wanted to obey God's Voice, even if that meant leaving *The New Shining.* Thankfully, the band understood once I shared my story. They saw I had truly changed. When the drummer saw me days later, he asked, stunned: 'What happened to you? You're glowing!'"

### NO TEARS FOR 20 YEARS

He limited himself to worship songs during quiet time. One especially: *Only Jesus* by Casting Crowns. "I sang it every day for six months. I hadn't cried in 20 years. Now, the tears poured out. I prayed: 'Papa, even if You want me working in a soup kitchen for the rest of my life, I'll do it. Even if I never play guitar again.' I kept singing *Only Jesus* because I wanted to mean those words: 'I don't want to leave a legacy… only Jesus.' After six months, I was ready to lay music on the altar - unaware of the surprise God had in store."

### ENGLISH BIBLE

His eyes glisten. "It was January 19, 2021. During quiet time, I sat on the couch reading Isaiah 12." He places his hand on his open English Bible. "Suddenly, I heard a Voice, as clear as day: 'Pick up your guitar and sing what you're reading.' I was stunned - but I obeyed. It felt awkward. But as I played and sang, I thought: wow, this sounds like a classic. That's how *Project of Love* began. Since then, I've been setting the entire Bible to music. I release a new song every Friday on YouTube and Spotify."

### HOW DO YOU CHOOSE WHICH PASSAGES TO SET TO MUSIC?

Xander points to yellow highlights in his Bible. "The Spirit tells me. Every time. Prayer isn't a monologue, it's a dialogue. What kind of relationship is it if only one person speaks? When I came to faith, I told God: 'I want a dialogue - answer me when I talk to You.' Pretty bold. But He has been so patient with me. He speaks, I listen."

### THE FATHER'S HEART

He gestures to a *Project of Love* poster: an image of Jesus, with the words: "This is our *Project of Love.* Together we will show the heart of the Father to the world." "That's the mission Jesus gave me in a dream, three months after I first heard His Voice. I compose the songs, play all the instruments, and record them in this studio. My wife, Janis, makes the video clips. We want to spread God's Word - His love letter - across the world. Every day we hear testimonies, from people healed of diseases, and from those battling mental illness. They have a special place in my heart." Smiling: "That I'd one day spend my life setting the Bible to music? I couldn't have imagined it in a million years. But it's the most beautiful thing I've ever done."

https://projectoflove.com/en/interview-xander-stok-eo-visie



# AS I WALK…



Since the day that Adam, our forerunner, not in faith but in rebellious disobedience, took hold of the steering mechanism of his life, we've been having trouble staying on the straight and narrow. His influence as the prototype of humanity has reached far and wide and to this day, we will continue to walk with Adam's limp if we are not careful.

But God, our omniscient Father, is constantly working on what lies ahead - things we have little knowledge and insight of. The culmination of all things waits with bated breath for that final moment when all will be revealed.

In the meantime, as we walk towards the unknown, we have much provision for this pilgrimage. God's Word is all-sufficient, working through His Spirit, speaking from the very mouth of our Saviour, Jesus Christ.

*"He has shown you, O mortal, what is good. And what does the Lord require of you? To act justly and to love mercy and to walk humbly with your God,"* Mica summarises too well. (Mica 6:8). And as you walk, loved ones, *"Trust in the Lord with all your heart and lean not on your own understanding; in all your ways submit to Him, and He will make your paths straight"* (Proverbs 3:5-6).

May this be the prayer and desire of our hearts: As I walk, let me walk with God.

- Helen du Plessis

# HOPE-FILLED CHOICES

*"Because Your love is better than life, my lips will glorify You"* (Psalm 63:3). David penned these words *"when he was in the desert of Judah."* Hold onto this thought.

It was 12:35 a.m. when the phone rang in Gene and Carol Kent's home. As Gene put the phone down, he choked out, "Jason has been arrested for the murder of his wife's first husband." Carol later wrote: "The next hours were a blur of tears, panic, fear, and erratic activity. Two parents in the grip of a nightmare. Our son was a disciplined and compassionate young man who had dedicated himself to serving his God ..."

"In the middle of our new normal, we realised we needed to make hope-filled choices if we were going to bring God glory in our circumstances. We needed to choose life - instead of curling up and dying emotionally and spiritually. We memorised John 10:10: *'I am come that they may have life, and have it to the full.'*

"One day I asked my son how he keeps depression from enveloping him. He said, 'Mom, I have a gratitude list. When I feel like I can't go on, I make a list of everything I have to be thankful for. I'm thankful I have ministry opportunities every day in prison.'

"Choosing purposeful action in the middle of hopeless circumstances has been our most important step.

All of us will need to make hope-filled choices at one time or another. Whatever journey you are one, place your hope in God. You may, like Gene and me, discover the truth of Romans 5:5, *"This hope will not lead to disappointment. For we know how dearly God loves us ..."*

Out of Gene and Carol's deep distress a ministry was born reaching out to the families of imprisoned people. Situations such as these wreak havoc but they need not derail us when we cling to the One who loves us, satisfies us, helps us, and whose right hand upholds us. Praise Him, especially in desperate times (Psalm 63)!

- Helen du Plessis, 083 332 0895



*Helen du Plessis*

# When I Lay My Isaac Down

On October 24, 1999, Gene and Carol Kent's only child, Jason P. Kent, was arrested and charged with first-degree murder. An Annapolis Naval Academy graduate with an exemplary record, and a source of pride and joy to his parents, he was convicted and sentenced to life in prison without the possibility of parole.

Carol Kent shares their story in her book, *When I Lay My Isaac Down.* "It's discovering that the cup of sorrow is also the cup of joy as we engage ourselves in under-standing the upside-down nature of the cross. By sharing my story, I can give people the opportunity to find hope, and it's a helpful way for me to process my own grief."

Her follow-up book, *A New Kind of Normal,* helps readers to make hope-filled choices in the middle of lives that are much more challenging than the dream they once had for their future.

During this painful writing period, Carol and Gene prayerfully decided to establish a non-profit organisation to positively impact inmates and their families. Carol shares, "While God would never condone what my son did, His mercy and grace abound. Our eyes are open to a whole new world - the prison system. We now see needs we weren't aware of before, and doors are opening to help some of the neediest people in our society.

There are about 2 000 prisons in the United States and over two million inmates. The primary goal of *Speak Up for Hope* is to provide hope to inmates and their families through encouragement, education, and counselling. "No one organisation can possibly meet all the needs of prisoners and their families," continues Carol. "*Speak Up for Hope* will address prisoner family needs in a way that will complement existing non-profit organisations."

The Kents are determined to face the future with hope, joy, and faith. Carol says, "God can take a situation like ours and redeem it for His purposes. Our vision is to help inmates and their families adjust to their new normal."

With the arrest of our son in 1999, heartache took on new meaning. We had never been on the needy side of compassion before and I experienced depression for the first time in my life. One day the doorbell rang and it was the florist. I opened the door and he said, "Is your name Carol Kent?"


I said "Yes it is."

He said, "Lady, it's your lucky day." I wanted to tell him to go make somebody else's day lucky; I wasn't in the mood. He handed me a bouquet and I took it out to my kitchen island, opened it up, and there was one dozen long-stemmed yellow roses.

I wondered who had graced my day with this beautiful gift and I opened the card. It was from two of my sisters. It said, "Dear Carol, you once gave us some decorating advice. You told us that yellow flowers will brighten any room. We thought you need a little yellow in your life right now. Love, Bonnie and Joy."

It was just like God unplugged my tears. I sobbed like I never had before and felt my grief. I once again admitted to God that I didn't know how I could live through these circumstances, but I knew I could trust Him, especially since He had put family and friends in my life who felt my pain. I had never been so needy, but I had never felt so loved.

https://speakupforhope.org/our-story/





# Verwyder die Sluier van jou Hart!

*Vervolg van p. 4*

bevat. Maar die nuwe bedeling, ingelei deur Jesus se prediking en die Gees se kragtige werking, is 'n alles oortreffende heerlikheid. Nou kan ons naby aan God kom en leef soos Hy wil hê. Ons weet nie net wat om te doen nie, ons het 'n Voorbeeld (Jesus), maar ook 'n Trooster of Helper (die Heilige Gees) wat ons daagliks daarin lei.

■ **Tydelik vs permanent:** *"Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid."* Die wet was 'n skaduwee, 'n heenwyser. Maar die permanente bedeling het nou in Christus aangebreek, in groter heerlikheid.

■ **Skaamte vs vrymoedigheid:** *"Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking [sluier] oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie."* Ons kan tot God se troon nader, omdat Jesus vir ons die Weg geword het tot die Vader. Ons sonde is vergewe, en ons kan in vrymoedigheid God se troon nader. Die verlede is verby. Die mislukkings en probleme wat die sonde meegebring het. Nou het ons naby gekom deur die bloed van Christus.

■ **Misverstand, rebellie, en sonde vs vryheid na bekering:** *"Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking [sluier] sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem."* Die geestelike dinge is dwaasheid vir die persoon wat verlore gaan. Maar as ons oorgee aan Hom, sal Hy ons denke vernuwe. In Christus word die sluier verwyder en verkry ons vryheid!

## 3. JESUS ROEP ONS TOT DIE WET VAN LIEFDE

Ons lees in Johannes 8 van die vrou wat in owerspel betrap is. Die Jode eis haar kop, maar skuil agter valse geregtigheid om Jesus met 'n strikvraag te probeer betrap. Genade of liefde? Geregtigheid en straf of vergifnis? Jesus skryf met Sy vinger op die grond. Verskeie kommentators het al gewonder wat presies Hy geskryf het. Name, sondes, of bloot strepe? Augustinus (en ander) noem dat die verwysing na die wet duidelik is. God het die wet op kliptafels met Sy vinger geskryf. Jesus gee vir hulle 'n prentjie van Sy outoriteit as interpreteerder van die wet. Hy wil hê dat die wetgeleerdes nie net die letter ken nie, maar ook die Gees van die wet. Die motief en die liefde en die genade daarin vervat. Hy sê wel vir die vrou dat sy moet heengaan en nie verder sondig nie. Maar Hy vergewe haar sonde (nog 'n heenwysing na Sy Godheid). Hy trou genade en liefde deur die prys op Golgota te betaal. En Hy roep ons om dieselfde te doen.

Jesus het die wet saamgevat ('n sluier verwyder) toe Hy gesê het, *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete"* (Matt. 22:37-40). Paulus eggo dit in Galasiërs, *"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus"* (Gal. 6:2). So ook in Romeine, *"Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. Want dít: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet"* (Rom. 13:8-10).

Paulus se betoog in 2 Kor. 3 bereik nou 'n hoogtepunt. Hy moedig ons aan om die sluier te verwyder! Anders as Moses, kan ons nou God se heerlikheid aanskou met 'n onbedekte gesig. En in die proses word ons verander en word ons Sy heerlikheid deelagtig: *"En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is"* (2 Kor. 3:18). Die heerlikheid gaan nie verby nie, maar word net meer en meer! Ons hoef nie agter 'n sluier weg te kruip omdat ons bang is dat ons die heerlikheid sal verloor nie. Ons kan voortgaan om Christus se heerlikheid te aanskou en die nuwe bedeling te begryp met 'n onbedekte hart. En ons word voortdurend verander, getransformeer (ondergaan 'n metamorfose; Matt. 17:2, "transfiguration") na Sy beeld.

Bogenoemde herinner ons aan die kosbare woorde in 1 Kor. 13, *"Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan. Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê (hartsluiers verwyder). Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde - hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde"* (1 Kor. 13:9-13).

Wanneer die sluier van ons hart verwyder is, kan ons in 'n intieme verhouding met God leef. Dan word ons algaande meer van Sy heerlikheid deelagtig. Ons groei nader en nader aan Hom en word meer soos Hy; met die uiteindelike heerlikheid wat ons eendag finaal sal beërwe. Daar is geen beletsel meer nie. Laat ons ons beywer vir hierdie intimiteit! Laat ons die Here soek en Hom vra om alle hindernisse in ons verhouding met Hom te verwyder.

## 4. WATTER SLUIERS DRA JY?

Daar kan baie dinge in ons lewe wees wat ons intimiteit met ons Hemelse Vader belemmer. Soms is dit nie ons skuld nie, ander kere is dit. Dit maak nie saak nie - ons moet daadwerklik iets daaraan doen! Met die hulp van die Heilige Gees moet ons al die laste aflê, die oog gevestig op Jesus, en enduit die geloofswedloop hardloop! Watter van die volgende "sluiers" is daar in jou lewe?

■ **Sonde en rebellie:** *"Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie...*
*En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel. Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek. Want onse God is 'n verterende vuur"* (Heb. 12:18-25, 29). Verwyder die sluier van ongeloof en aanvaar die volle Evangelie! Leef dit uit! Leef in 'n nuwe bedeling met 'n nuutgemaakte lewe.

■ **Onvergewensgesindheid:** Ons kan nie verwag dat die Vader ons moet vergewe indien ons ander nie wil vergewe nie. Ons moet



dinge wat agter is, in die verlede laat en vorentoe kyk. Anders kan 'n wortel van bitterheid ons harte besoedel en ons verhouding met God skaad.

■ **Eiegeregtigheid en trots:** As ons onsself op die skouer klop omdat ons 'n stelletjie reëls mooi nagekom het, kan ons dalk uit die oog verloor dat elke tree op ons geloofspad net genade is. God weerstaan die trotsaard maar gee genade aan die nederige.

■ **Isolasie en onbetrokkenheid:** Daar is iets aan 'n geloofsgemeenskap wat 'n mens se eie geloof bou. Wanneer ons sáám die Here dien, en ook Sy kinders en Sy Kerk, groei ons in ons verhouding met Hom. Anders vereelt ons hart.

■ **Intellek en ongeloof:** Ons moet glo soos 'n kind - nie onredelike sake nie, maar dinge wat ons nie noodwendig heeltemal verstaan nie. Anders probeer ons dalk geestelike dinge met ons vleeslike verstand te beoordeel, en dit lei tot ongeloof. Die intellek word nie weggegooi nie, maar ons maak staat op die salwing van die Heilige Gees om ons te leer. Twyfel kan 'n sluier word wat skeiding tussen ons en God bring.

## SAMEVATTING

God het eens die wet gegee sodat mense kon weet wat Hy van hulle verwag in terme van 'n opregte lewenswandel. Sy openbaring aan ons het 'n hoogtepunt bereik met die koms van Christus. Jesus het die Gees uitgestuur om ons te bekragtig om in 'n nuwe bedeling te leef. Laat God toe dat elke sluier van jou hart verwyder kan word. Dit is die weg na ware vryheid en intimiteit met Hom. Jesus is ons Bruidegom. Hy wil 'n skoon en volmaakte bruid hê. Laat Hom toe om elke hindernis in jou lewe te verwyder, sodat jou verhouding met Hom sonder misverstande, afstand, twyfel, vrees of ongeloof kan wees. Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid!

© C Venter

# 'N HUWELIK GERED

**Kan 'n mens 'n gelukkige huwelik ná 'n buite-egtelike verhouding beleef? Clarissa* vertel hulle verhaal.**

"Die nuus van my man se buite-egtelike verhouding het my soos 'n vuishou in die maag getref. Hoe kon hierdie man wat ek geglo het God vir my gegee het só iets doen? Dit het glad nie by sy karakter gepas nie. Jare vantevore, voor ons huwelik, het iemand my op 'n dag vasgevat oor my negatiewe woorde. Uit blote onkunde oor die krag van ons woorde sou ek maklik sê: 'Ag ek gaan seker nooit trou nie.' Net daar het ek besluit om my woorde te verander. Vir die eerste keer het ek met God oor my toekomstige man begin gesels en ek het selfs 'n lysie gemaak van wat ek graag in hom sou wou hê. Buiten dat hierdie man van my God moes dien en die priester en profeet van ons huis moes wees, het ek neergeskryf dat ek graag 'n lang donkerkopman met 'n liefde vir motorfietse wou hê.

"Twee weke nadat ek heelwat later die lang, aantreklike donkerkop JJ ontmoet het, het ek geweet dat hy God se antwoord op my gebede was. Ons is getroud en dinge het goed gegaan. Sewe jaar later, met die nuus van JJ se buite-egtelike verhouding, was ek oorbluf. Finansiële druk, lang werksure en geweldige stres het ons uitmekaar laat groei. Voor my was 'n keuse: Òf ek skei van JJ (met alle reg) òf ek trek die wapenrusting aan en veg vir hierdie huwelik wat ek geglo het van God was.

"Ek het besluit om vas te staan en te veg. Die verwerping van 'n buite-egtelike verhouding los jou met 'n diep wond en baie emosies om te verwerk. Was dit maklik? Nee!

In 'n stadium het ek byvoorbeeld die 40 dae *Love Dare* uit die fliek, *Fireproof,* stilletjies met my man gedoen. Waar ek 'n lys van sy goeie eienskappe moes maak, kon ek eenvoudig niks neerskryf nie. Die ontnugtering en verwyt was net te groot.

"Met verloop van tyd en 'n string lang gesprekke met God het ek drie belangrike lesse geleer wat tot die finale draaipunt gelei het. Die eerste was dat ek God moes vra om my te help om na JJ deur Sy oë te kyk. Wanneer ek in my seer en selfs bitterheid na hom gekyk het, het ek niks goed gesien nie. Deur God se oë kon ek egter sien dat hy wel 'n uitstekende pa vir ons kinders was en 'n goeie maat vir my.

"Die tweede ding was dat ek vir JJ moes begin bid, nie net kla teenoor God oor hom nie, maar dat ek met 'n rein hart voor God moes gaan staan om Hom te vra om JJ te help om te word wie Hy hom geskep het om te wees. Ware intersessie is om met empatie na jou maat te kyk.

Eers toe ek dít begin doen, het God my gewys dat JJ se pa se dood op 'n jong ouderdom en die verantwoordelikheid wat hy daarna op hom moes neem, meer traumaties was as wat ek gedink het. Met dié besef kon ek meer spesifiek vir JJ begin bid. Die verandering in sy lewe en ons huwelik was onbeskryflik.

"Derdens het ek besef hoe belangrik vergifnis is. 'n Mens vergewe en vergeet nie sommer nie. Vergifnis is 'n keuse en dan verwerk jy dit. Om myself aan my besluit te herinner het ek sover gegaan om JJ se voete te was as teken dat ek hom vergewe.

Ook sou ek snags wanneer hy geslaap het, in die huis bid en hom salf met olyfolie as teken dat ek hom aan God opdra. Die geestelike stryd wat ons stry, het vir my 'n groter werklikheid geword as ooit vantevore. Stadig maar seker het ek beleef hoe dinge begin verander

"Op 'n dag was ons by 'n werksfunksie. JJ sou later by my aansluit. Terwyl ek met iemand gesels, het ek bewus geraak van 'n lang, aantreklike donkerkopman wat aangestap kom. Toe ek omdraai en vir JJ sien, het my hart 'n slag gemis by die besef dat hierdie man mý man is. In daardie oomblik het ek geweet dat God my hart genees het!

Vandag kan ek 'n lang lys van JJ se goeie eienskappe neerskryf. Hy is nie net die lang aantreklike donkerkopman waarvoor ek gebid het nie. Hy is die priester en profeet van ons huis. Ons lag saam. Ons koester mekaar. En saam met dit alles ry ons nou en dan saam motorfiets! God is waarlik goed!"

God werk soos 'n ysbrekerskip. Hy breek deur ons ysharte en Hy is steeds in staat om ons gebroke verhoudings te herstel. In Miga 7:8 lees ons: ***"Ek het geval, maar ek sal weer opstaan. Al sit ek nou in duisternis, die Here is 'n lig vir my"*** (NLV). En in Psalm 46:8, 11 skryf die Psalmdigter: ***"Die Here, die Almagtige, is by ons; ons skuilplek... Wees stil en weet Ek is God!"*** (NLV).

Mag ons soos Clarissa aanhou om God se Aangesig te soek. Hy stel ons in staat om te vergewe en ook om met nuwe oë na mekaar te kyk! Geen huwelik is ooit té gebroke vir Hom om te verander nie!

*- God is steeds God, Benescke Janse van Rensburg*

# Jy is 'n Agent van Versoening

Paulus het geskryf: ***"Daarom - iemand wat één is met Christus, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier! Hierdie hele nuwe werklikheid kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening gegee het. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en nie die mense se oortredings teen hulle hou nie. Die boodskap van die versoening het Hy aan ons opgedra om te gaan verkondig. Ons tree op as ambassadeurs vir Christus terwyl God deur ons 'n appèl aan julle rig. Ons smeek julle ter wille van Christus: Kom tot versoening met God!"*** (verse 17-20 NLV).

Soms is ons eerste reaksie wanneer ons hoor dat 'n medegelowige geval het, om na die foon te hardloop en te sê: "Het jy daarvan gehoor?" Of om 'n beskuldigende vinger te wys. Of om onsself van daardie persoon te distansieer op die presiese tydstip wanneer hy of sy ons gebede, liefde en ondersteuning die nodigste het. Die Bybel sê: *"Die belangrikste van alles is dat julle mekaar onselfsugtig moet liefhê... Sulke liefde maak baie sondes toe"* (1 Petrus 4:8 NLV).

Eerder as om beskuldigende vingers te wys, moet ons 'n helpende hand uitsteek. Jesus het dit met Simon Petrus gedoen: *"...die Satan het ernstig geëis om julle soos koring te kan sif, maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie moet begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou medegelowiges gaan ondersteun"* (Lukas 22:31-32 NLV). Net soos God herhaaldelik Sy genade aan jou bewys wanneer jy te kort skiet, roep Hy jou om dieselfde aan ander te doen.

- Bob & Debby Gass

*Met 'n stem vol liefde, so sag en so teer, fluister Jesus:*
*My kind, lê jou hoof op My skoot neer...*
*Vergeet van jou probleme en al jou smart*
*Vergeet van satan wat jou uitlok en tart*
*Vergeet van die las wat swaar op jou rus*
*Vergeet van jou sonde, dis reeds uitgewis.*
*Maak net jou oë toe en luister na My Stem*
*Jy is Myne, lank voor tyd het Ek jou geken.*
*Jy is tot alles instaat deur My krag wat Ek jou gee,*
*Ek sal jou paaie gelyk maak, as jy My ken in jou weë.*
*Ek is jou Rots, jou Verlosser, by My kan jy skuil*
*Ek wil jou teen My vashou, jou troos as jy huil.*
*Ek wil vir jou gee meer as wat jy My vra*
*Ek wil langs jou wandel en jou laste dra.*
*Ek wil hê jy moet weet Ek het ook vir jou die prys betaal...*
*Moenie opgee nie, maak nie saak hoeveel maal jy faal.*
*Ek vra nie wees perfek nie, Ek vra net dat jy probeer*
*Wanneer jy val, moenie bly lê nie, staan op, probeer weer.*
*My Genade is vir jou genoeg!!*
*- Oorgeneem*



# God's Love in the Dark

As I peered through the blinds in my bedroom, a full moon illuminated the sky. My heart ached for the darkness within my soul to brighten that easily, but as I closed the shades, the blackness remained. Tears streamed down hollow spaces. Sitting on the edge of my bed, I scrolled on my phone to numb the pain.

"You have no good reason to be depressed, Amber, just get it together," my mind spat. "Jesus died for you, and this is how you serve Him? Crying and ungrateful? You should be ashamed of yourself! Are you even a Christian?"

Between shallow breathing and trembling hands, all I could pray was, "God, make it stop." Afterward, I journalled: "I'm scared the darkness is going to win. I'm scared I'll always be this way. I'm scared of seeking You in the dark, afraid I'll never find the light."

Today, I still experience what many have referred to for centuries as "dark nights of the soul." Those moments when the depression is looming and you can barely get out of bed, or anxiety riddles you to your core. But in them, through His grace and seeking therapies that have supported my journey, God has reminded me of three things.

### 1. GOD'S NOT MAD AT YOU

In 1 Kings 19, Elijah was exhausted. Queen Jezebel had threatened to kill him. Isolated and despairing, Elijah became so depressed, he prayed for death: *"I have had enough, Lord…Take my life; I am no better than my ancestors"* (1 Kings 19:4, NIV). If you've ever whispered those words, you're not alone. In my lowest points - when I asked God, "What's wrong with me?" He responded with empathy and love (Psalm 14:2, TPT).

God didn't rebuke Elijah for his depression, and He doesn't rebuke you for yours. Instead, He sent an angel - twice - with bread and water because *"the journey [was] too much"* for him. Strengthened, Elijah was able to travel forty days and nights to Horeb, the mountain of God (1 Kings 19:5-9). Even in our lowest places, God nourishes our souls so we can keep moving forward. Sometimes, that nourishment comes through physical food and rest; other times, it's a walk outside, a session with a counsellor, or simply space to breathe. All of it is a gift from God.

### 2. GOD'S NOT ASHAMED OF YOU

When you're feeling defeated or overwhelmed, finding the light can seem impossible. But God wasn't mad at Elijah for struggling, and He's not ashamed of you either. Depression and anxiety often carry shame, but God welcomes your need.

One thing we often overlook in Elijah's story is that even after witnessing miracle after miracle, he still doubted. Not only did God provide food and water for Elijah in 1 Kings 19, but prior to that, he had been fed by ravens (1Kings 17:4), God used him to announce the beginning and end of a drought (1 Kings 17:1, 18:45), and he even raised a widow's son from the dead (1 Kings 17:22)! Life comes with mountain-top moments when God's goodness is evident, and life is awesome. But there will also be rock-bottom lows, times when you feel anxious, numb, abandoned, and afraid. Even though you know He is good, that knowing doesn't always translate into our hearts. These are the moments when you need to cling to this truth: God isn't ashamed of you. He meets you in the Valley of the Shadow of Death and sits with you there. He's there in the sorrow and sunshine because His love doesn't depend on how you feel.

Still, depression and anxiety often bring heavy blankets of shame. We wonder, "If I trusted God, would I still feel this way?" So, like Elijah, we flee. Retreat. Isolate. We trade God's past wonders for this present worry. But even in hiding or isolation, God doesn't bring condemnation - He brings grace. He sits with you and calls you out of your cave. That's exactly what He did with Elijah.

### 3. GOD IS WITH YOU

Elijah, still depressed, was led to a cave. God asked him, *"What are you doing here?"* (1 Kings 19:8-9). Elijah replied, *"I have been very zealous for the Lord … [but] I am the only one left, and now they are trying to kill me too"* (1 Kings 19:10). Can you sense the apprehension?

God didn't argue. Instead, He told Elijah to stand on the mountain. A powerful wind, earthquake, and fire passed by. But God wasn't in those forces. Then came a gentle whisper. That's where Elijah heard Him. God asked again, *"What are you doing here?"* Then He gave Elijah a new mission: to return and appoint new leaders, Jehu and Elisha, who were ready to confront the enemy head-on (1 Kings 19:13-17). But even more than that, God revealed that Elijah wasn't actually alone - God had preserved 7 000 faithful people in Israel (1 Kings 19:18). Elijah wasn't as alone as he felt, and neither are we.

If you're in the thick of depression or anxiety, it may be difficult to see a way out. It's hard to believe God loves you amid the struggle. But just as God spoke to Elijah in a still, small Voice, He's speaking gently to us today. Just as He cared for Elijah, His response to your weakness and pain meets you in your present and points you toward your purpose.

As Elijah travelled back to the Desert of Damascus, God didn't take away Elijah's depression. No magic wand was waved or quick fix offered as a solution. God did, however, provide rest, food, water, and the support of others so Elijah would be well-equipped for the journey. And following the Lord's commands, Elijah called Elisha to be his servant and obey the instructions he'd been given. Though it wouldn't be until much later that Elijah's enemies would be defeated and God's purposes for Elijah fulfilled. This tells me two things: Elijah may have still been struggling. But he also knew that God was with him - even in the dark. I've had plenty of dark days and darker nights. Moments when I couldn't



see the light or tell someone I was hurting. But Elijah reminds us that even the faithful can feel weak, but God doesn't leave.

Consider how Jesus felt just hours before His crucifixion. Kneeling in the Garden of Gethsemane, Jesus knew what it was like to face tragic times. Hours before the darkest dark in history, He prayed three times, *"Father, if You are willing, take this cup away from Me"* (Luke 22:42). Ultimately, Jesus accepted the Father's plan and chose to do the hard thing. His darkest day was not taken away from Him; instead, He humbly embraced it because He loves us and wants us to share eternity with Him. Jesus didn't go to the cross for His gain. He went willingly for ours. God's provision doesn't always remove our darkness, but He does promise His Presence.

Maybe today, you're staring out the window, feeling swallowed by darkness. Your thoughts accuse you. You feel alone, broken, and hopeless. But if that's you, there's still reason for hope. Jesus illuminates every dark place. He's not scared of your shadows. *"If I say, 'Surely the darkness will hide me and the light become night around me,' even the darkness will not be dark to You; the night will shine like the day, for darkness is as light to You"* (Psalm 139:11-12). When we're trapped by anguish, it can be difficult to press into Christ and feel His Presence. I've been trapped there and often still am. But a day has come and is coming when the light will overwhelm the darkness forever. *"In Him was life, and that life was the light of all mankind. The light shines in the darkness, and the darkness has not overcome it"* (John 1:4-5).

Dark days and nights are part of our humanity. No one is exempt. But amid them, reach for hope. God's light. His Presence penetrates the darkness. There's a reason why so many writers reflect on the fact that we wouldn't know the power of light without wrestling in the dark. Let that be true of every night you've wept by the window, every mental health battle you've faced. Knowing the darkness will come, but it doesn't last forever. Because, in the end, darkness doesn't win. Faith, hope, and love do.
- Amber Ginter

A Note from Reclaim Today: If you're walking through depression or anxiety, you're not alone. While this reflection points us to God's love and Presence, we also believe He often provides healing through doctors, therapists, and community support. We encourage you to reach out for professional help. God cares deeply for your whole well-being - spiritual, emotional, and physical.
https://reclaimtoday.org/gods-love-in-the-dark-3-reminders-for-your-hardest-days/

# LOVING A PRODIGAL

"What are you on today, Nic?" David asks his son as he drives his son's old Volvo. Nic huddles up against the passenger door, as far away from his dad as he can physically be. The car is strewn with remnants of Nic's last bender: dirty jeans, a half-empty bottle of Powerade, his leather jacket, empty beer bottles, a stale sandwich, and an intricately carved canabis smoking pipe. Nic attempts an apology, "I know I F_____d up. I learned my lesson."

Nic's dad doesn't answer. Too many hollow words. Too many vain justifications. "What are you on today, Nic?"
An angry whisper comes from him, "F________you!"

David asked all the familiar questions: did I spoil him? Was I too lenient? Did I give him too little attention? Too much? If only I had never used alcohol or drugs. If only his mother and I had stayed together. If only and if only and if only…

David highlights the social shame that bubbles to the surface when your child turns his or her back on your values, your love, and your family. Parents toss and turn when their kids stray. We pour over Jesus's words in Luke 15, looking for some hidden script on loving our wayward children in such a way that our story ends in a celebration.

But Jesus never offered a three-step plan when He taught in parables. Jesus told stories about stuff from down here (lost coin, lost sheep, lost son) to describe stuff up there (kingdom of heaven, judgment, character of God). Here, Jesus used a universal story to talk about His Father to two very different groups of people (Luke 15:1-2). One group had turned the ten commandments into suggestions. The others mistook good behaviour for a godly heart. So Jesus is targeting practical atheists and religious hypocrites more than anxious parents.

However, if you find yourself sitting by the window praying for a reunion, Jesus reminds us there is never a pigsty too far from God's grace and relationship is far more important than righteousness.

### FROM THE PIGS TO THE FATTED CALF

Sometimes the only thing a parent can do for a prodigal child is to pray that God brings them to a point where their stubborn heart seeks Him. Even Solomon admitted that sin is fun... for a season. Until that season passes, whether that be months, years, or decades, Jesus reassures us that God values relationship more than righteousness.

### THE OTHER PRODIGAL

Novelist Flannery O'Connor described a character who had "a deep darkness in his heart because he saw that the best way to avoid Jesus is to avoid sin." In Luke 15, Jesus shows how it is sometimes easier to find God in the pigsty than the pew. The story speaks of two prodigals: one who abandoned his father out of selfishness and one out of self-righteousness. Both rebelled. One returned.

As parents, we fear our kids running headlong into the more "public" pigsties than the private ones. Maybe because we can clearly see the baggage from a child who has a history of promiscuity more than a history of pride. But in this story Jesus highlights the possibility of living sanitised from sin, but not sanctified.

Many have lived a righteous life without the righteousness of Christ. They've duped themselves into believing good behaviour reflects a godly heart. For those kids, they will come to the end of days and hear the words, *"Depart from Me for I never knew thee."* What's worse, a season of sin or a lifetime of legalism?

Perhaps your prodigal child left you because it was the only path to God. Jesus reminded the religious Pharisees and scribes in the crowd (Luke 15:2) that relationship is far more important to God than (legalistic) right living. When our kids stiff-arm our values, our beliefs, or our affection, Jesus illustrated a dad who never lost affection for his son despite his hateful actions. After his son slammed the door, the father kept the gate open, the light on, and a feast on the back burner.

A friend of mine caught his son with some drugs. Years before, his son had walked away from his childlike faith. Now, in addition to debunking God, he was dabbling in drugs. For the past few years, the dad sat in first row seats as his son stumbled from one pigsty to the next. But every Tuesday, they have lunch. As long as his son shows up, the dad pays the tab. He doesn't enable. He puts up clear boundaries and holds his son's feet to the fire when he crosses them. He tries hard to not let his son's errant behaviour or beliefs infringe on their relationship. Dad now cherishes those rare moments when his son lingers in the kitchen at night rather than secluding himself in his room.

Regardless of how well you parent, kids will choose their own path. If we judge God the Father by the performance of His kids, He'd never win parent of the year. For some, the only way to God's grace is through the doorway of depravity.

As a dad, loving the familiar stranger is messy. There are no magic formulas, no rules, and no perfect plan, because only God can break or soften a stubborn heart (1 Cor. 2:14-16). Such love requires fruit that doesn't naturally grow on our tree: love, joy, peace, patience, kindness, goodness, faithfulness, gentleness, and self-control. As parents of prodigals we live the Gospel towards our kids and need the Gospel to love our kids.
- BRIAN GOINS

# GLO IN GOD

*"Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die God aan Wie ek behoort en wat ek dien. Die engel het vir my gesê: 'Moenie bang wees nie'"* (Handelinge 27:23-24).
Gebed van Martin Luther:
Here, hoe die dinge waarvoor ek vra
deur U voorsien sal word, dit weet ek nie.
Maar dat U sál voorsien, dit glo ek, want U het dit belowe.
U het my geleer om te bid; dan sal U mos sekerlik ook
na my gebed luister?
Here, dit is nie die verdienstelikheid van my gebed
wat my oortuig dat U sal hoor en antwoord nie,
maar die sekerheid van U trou.
Amen.



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Oase van Hoop
AGS Baillie Park Gemeente
Oase van Hoop AGS Baillie Park Gemeente
Sondagoggenddiens 9:30
JOI-Kinderdienste 9:30
E-pos: johann@safricom.co.za
Pastoor Johan Nortje 083 280 8971

OASE VAN HOOP
-KOFFIE KAFEE-
HEB. 6:19
est. 2023